DIE TOEKOMS VAN DIE GKSA AS KERKVERBAND[1]

Wim Vergeer

Liewe Broers en Susters,

Baie dankie vir die geleentheid om vandag hier te mag praat oor ’n onderwerp wat vir my en u baie na aan die hart lê: Die Toekoms van die GKSA as kerkverband. Ek het eintlik soveel om te sê, maar sal tydsonthalwe met ’n breë kwas verf. U kan my dan later vra as ek iets moet verduidelik of meer besonderhede moet gee.

1. Inleiding

Ter inleiding wil ek graag drie opmerkings maak:

1.1 Wat ek vandag hier sê, is my eie mening. Dit is nie ’n onfeilbare of volmaakte mening nie, maar dit is my eie mening – en ek glo ook ’n oorwoë mening. Dis altyd goed vir ’n saak as baie menings gehoor word. Die van u wat my ken, sal weet dat my menings soms sterk en krities is. Nogtans bly dit altyd my persoonlike mening wat ek in goeder trou gee. Kritiese stemme is wel noodsaaklik, maar u hoef dit nie aan te neem nie.

[1] Toespraak gehou by die tweede byeenkoms van Die Gespreksforum wat op 25 Maart 2017 by die Gereformeerde Kerk Meyerspark gehou is.

1.2 Tweedens wil ek beklemtoon – ek praat oor die toekoms van die GKSA as kerkverband. Ek praat nie oor die toekoms of voortbestaan van individuele Gereformeerde gemeentes of oor dominees of oor lidmate nie – al is dit hulle wat die kerkverband uitmaak. Dit gaan oor die optrede en die toekoms van die Gereformeerde Kerke as kerkverband.

1.3 Derdens wil ek waarsku dat ek ’n donker mening oor die toekoms van die GKSA as kerkverband het. Ek is baie positief en optimisties oor die koninkryk van God en oor die rol wat ’n Gereformeerde Kerk daarin kan speel, maar ek is realisties-pessimisties oor die GKSA as kerkverband, sy huidige stand, sy relevansie en sy toekoms.

In dit wat ek nou verder gaan sê, gaan ek my kortliks bepaal by die hede, die verlede en die toekoms van die GKSA as kerkverband.

2. Die verlede

Ek verdeel en verstaan die verlede in drie fases: a) Die ontstaan en groei van die GKSA, b) ’n keerpunt ongeveer teen 1988 en c) die skynbaar onstuitbare agteruitgang sedertdien.

2.1 Ontstaan en groei

Die meeste van ons weet waarskynlik wat op 10 Januarie 1859 hier in Pretoria by die Algemene Vergadering (sinode) van die Nederduits Hervormde Kerk gebeur

het. Vyftien persone (gereformeerd-gesindes) het uit die vergadering gestap en bande met die NH Kerk verbreek. Dit het gegaan oor gewetensbinding. Daar was natuurlik baie ander onderliggende problematiese sake (die verlange na ’n terugkeer na die orde en beginsels van die Sinode van Dordtrecht, die staatsbetrokkenheid in die kerk, die aard en gehalte van die prediking ens.) maar die saak op die tafel was of die Evangeliese Liedere in elke gemeente gesing moes word. Die Gereformeerd-gesindes se versoek was eenvoudig: Laat dit aan die vryheid van die kerke oor. Moet ons nie teen ons gewete dwing om liedere te sing wat nie aan die Skrif getoets is nie. Die Sinode het egter nie die versoek bewillig nie, en die 15 persone het toe, ter wille van die gewete, die kerkverband verlaat.

Hoe tragies en hartseer dan, dat ons vandag weer in dieselfde situasie verkeer. Ons sit weer in ’n kerkverband en met ’n sinode wat mense doelbewus teen hulle gewete in dwing om te aanvaar dat geslag ’n bepalende rol speel in die toelating tot die besondere dienste (ampte). Hierdeur misken en ondergrawe die GKSA een van sy eie belangrike ontstaanbeginsels. Alle ware gereformeerd-gesindes behoort deur hierdie gewetensbinding verontrus te wees.

’n Maand later, op 10 Februarie 1959, het meer as 300 persone hulleself te Rustenburg laat inskryf en is die GKSA gestig. Ds Dirk Postma is as predikant beroep en die kerk het vinnig gegroei. Gemeentes is op verskillende plekke gestig. Laat ek nie nalaat om te noem dat dit groot opofferings gevra het om die kerk so te laat ontstaan en groei nie. Ds Postma het self tientalle lang en gevaarlike reise onderneem en was lank weg van die huis af. Eredienste is onder bome gehou, in

huise en in rietskuilings. Die kerk is uit armoede gebore, maar dit was ’n dinamiese kerk – ’n kerk wat na die mense gegaan het – ’n groeiende kerk.
Ek verwys maar net oorsigtelik na wat toe verder gebeur het: Die oprigting van die Teologiese Skool (eers in Burgerdorp, daarna in Potchefstroom). Die wonderlike en geseënde uitbou daarvan tot ’n pragtige universiteit. Wêreldwyd-erkende gehalte-onderrig het studente van formaat opgelewer. Die Gereformeerdes het bekend gestaan as “verankerde voorposdenkers” (om die woorde van prof. Tjaart van der Walt te gebruik). Die GKSA was ’n gerespekteerde kerkverband wat oorwoë en ewewigtige besluite oor moeilike sake kon neem. Die “stem van Potchefstroom” was gereken en geag. Inderdaad het ’n mens in daardie jare iets gesien van wat ’n Gereformeerde kerkverband wel vir die koninkryk van God en in die samelewing kan beteken.

2.2 Die keerpunt (ongeveer 1988)

Rondom 1988 het dinge egter begin verander. (Die aanloop was natuurlik vroeër, maar ek sal later daarop terugkom). In 1988 het daar by die Sinode ’n rapport gedien oor die plek van die vrou in die kerk. Die rapport is lank afgewag (6 jaar) maar is uiteindelik gelewer. In die besluite oor hierdie rapport het daar na my mening ’n fundamentele verskuiwing in hermeneutiese fokus plaasgevind, wat die kerk sedertdien ingrypend negatief beïnvloed en onherroepelik op die pad van agteruitgang geplaas het.

Hierdie grondliggende verskuiwing het nie soseer te doen met die saak wat toe gedien het nie (vrou in die amp) – maar eerder met die benadering tot die Skrif wat uit die besluite spreek. Kom ek verduidelik.

Die 1988 deputate-rapport (opgestel deur van ons beste en kundigste eksegete en teoloë) het pragtige bevindinge en aanbevelings gemaak. Daar is aanbeveel dat vroue stemreg in die kerk mag kry (en dus mag regeer). Hierdie besluit het met ’n meerderheid stemme geslaag. Oor die vrou in die besondere dienste (amp) is bevind dat daar geen teks in die Bybel is wat dit gebied of verbied nie en dat daar niks in die Belydenisskrifte of die Kerkorde is wat die roeping en bevestiging van vroue verhinder nie. Die aanbeveling lui verder letterlik: “In Christus breek daar vir die vrou ’n nuwe bedeling aan ... Die skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vroue deur God geroep en begiftig kan word om op ’n besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink.”

Let op die benadering tot en die hantering van die Skrif in hierdie aanbeveling. Die rapport sê: Daar is geen teks wat dit gebied of verbied nie, derhalwe gee die skopus (die breë duiding) van die evangelie van Christus nou die deurslag. Dit is en was suiwer (grammaties-historiese) Skrifhantering! Die openbarings-historiese ontwikkeling (die oopgaan van die roosknop) in die Bybel word gerespekteer. Die teks van die Bybel word ondersoek en sy betekenis word bepaal in die lig van die evangelie van Christus. ’n Nuwe bedeling het aangebreek en daar is voortgaande ontwikkeling in die verstaan en konkretisering daarvan.

Teenoor hierdie suiwer (grammaties-historiese) omgaan met die Skrif, staan die Biblisisme. Omdat ek hierdie woord nog baie gaan gebruik, verduidelik ek kortliks wat ek onder Biblisisme verstaan. Die Biblisis vergoddelik die teks van die Bybel. Vir hom is daar net die letter van die teks en sy onmiddellike betekenis. Geskiedenis, konteks, skopus en ontwikkeling is vloekwoorde vir ’n Biblisis. Hy wil daar niks van weet nie. Die gruwelike dwaling van die Biblisis is dat hy sy eie verstaan van die Skrif verabsoluteer. Dit gaan oor net-die-letter-van-die-teks en dan (onuitgesproke) net-soos-ek-dit-verstaan. Die Biblisis glo en tree op asof hy die objektiewe waarheid van die Skrif in pag het.

Natuurlik is die Bybel die woord van God en is dit die objektiewe waarheid (as jy dit so wil stel). Maar ons almal moet insien, dat as jy daardie Bybel oopmaak en begin lees – dan is dit altyd jy – die menslike subjek - wat dit lees (met al jou foute en vooronderstellings en voorkeure en afkeure). Die objektiewe waarheid kan dus net subjektief geken word. En – as ’n mens mooi daaroor nadink – is dit eintlik wonderlik dat dit so is. Die Here vra dat ons in ’n persoonlike verhouding met Hom sal tree. Ons het ’n verhouding met en aanbid die Here – nie die teks van die Bybel nie.

Maar, ek dwaal nou af. Die punt is dat ons met die besluit van 1988 oor die vrou in die besondere dienste twee benaderings tot die Skrif gehad het wat teenoor mekaar gestaan het. Die grammaties-historiese benadering met sy klem op die skopus (duiding) van die evangelie van Christus, en die Biblisisme met sy klem op die letter van die teks.

Hier het jy dus ’n kerkverband, deur die genade van God pragtig opgebou, byna 120 000 mense sterk, ’n goeie naam, gerespekteer en gereken in die samelewing, op die punt om weer die stem van Potchefstroom te laat hoor, gereed om as verankerde voorposdenkers in die kerk en samelewing gestalte te gee aan die nuwe bedeling wat daar vir die vrou in Christus aangebreek het. Dit is ’n kerk op die tweesprong. Wat ’n wonderlike getuienis kan daar van hierdie kerk uitgaan in die 1988-samelewing! Wat ’n geleentheid!

2.3 Skynbaar onstuitbare agteruitgang

Die tragiese waarheid is dat die meerderheid van die Sinodegangers besluit het om nie die skopus van die Skrif die deurslag te laat gee nie, maar wel, op Biblisistiese wyse, die letter van die teks. Die mooi aanbeveling in die rapport is afgewys. By nabaat sien ’n mens in dat dit ’n keerpunt was. Die Biblisisme het bepalende invloed op die GKSA as kerkverband gekry.

Hiermee sê ek nie dat alle Gereformeerdes Biblisiste is nie. Ek sê ook nie dat almal wat gekant is teen die vrou in die besondere dienste Biblisiste is nie. Ons kerkverband het in sy Sinoderapporte pragtige en omvattende beskrywings bekragtig van hoe ’n suiwer grammaties-historiese eksegese en hermeneutiek moet lyk. Biblisisme is deur verskeie Sinodes en publikasies veroordeel en afgewys. Maar in sy besluite het die GKSA Kerkverband sedert 1988 hoofsaaklik besluite geneem wat ’n biblisistiese omgaan met die Skrif veronderstel en voorstaan. As jy dit so wil stel, kan jy sê dat die Biblisisme in 1988 die GKSA as kerkverband gekaap het.

Ek sê dit nie sommerso nie. Toe daar by die volgende Sinode (1991) beswaar gemaak is dat die Skrifhantering van die 1988-besluit a-histories is en uitloop op kasuïstiek (’n letter of wet vir elke situasie) het die Sinode dit gedeeltelik toegegee, maar dit nie as belangrik genoeg geag om die besluit in heroorweging te neem nie.

Daarna het die Biblisisme in die praktyk begin om grootliks die onderwerpe en aard van die debatte by die Sinode te bepaal. Ek kan dit nou nog nie glo nie, maar ons as kerkverband het onder aansporing van die Biblisisme dit goedgevind om vir 12 jaar met mekaar rusie te maak oor of ons die nagmaal met ’n beker of ’n kelkie moet vier. Dit was die hoof saak van elke Sinode. Die normtyd van die Sinode is lankal verby – maar ons sit tot middernag op ons tasse in die Sinodesaal – en die eindelose gepraat oor die skottelgoed van die nagmaal hou net nie op nie. Die Biblisiste het die Bybel deurtrap en tekste gebuig en forseer om tog maar ten alle koste ’n letter te vind wat bewys en jou verplig en dwing om net die beker te gebruik. Gemeentes wat ander praktyke ingestel het, is verketter en gedreig.

Daarna was dit die beurt van die kerklike lied. Die Biblisiste wou ten ene male nie toegee dat enige Psalm histories verstaan moet word nie. Aaklige debatte het gevolg. Professore is beskuldig dat hulle Christus uit die Psalmboek geskeur het, digters is beswadder en in die openbaar verneder, en ’n komiese sit en opstaan, instorm en uitstorm uit die Sinodesaal het met die opening van elke dag plaasgevind.

Dit was ook die tyd van die opkoms van die groot kerkregtenaars. “Kerkregtenaar” is my eie woord, ’n nuutskepping as jy wil, saamgestel uit “kerkregtelike” en “geweldenaar”. Mense het begin om met groot kundigheid en oratoriese vaardigheid die kerkreg as instrument van geweld te gebruik om persone en gemeentes na hulle standpunt te dwing, en alternatiewe standpunte van die tafel te reël of te benadeel. Wonderlik, hoe party mense in ’n Sinode altyd hulle sin kry!

Terselfdertyd het ons in daardie dae buite die Sinode die opkoms van die Gereformeerde Geel Pers beleef. Onafhanklike publikasies (Die Kerkpad, Waarheid en Dwaling) is vanuit Pretoria deur die Biblisiste ingespan om hulle letter-van-die-teks-benadering te verkondig. Halwe waarhede, leuens, skindertaal en beswaddering is onder meer gebruik om smeerveldtogte te loods en agterdog te saai. Die GKSA sou dan onder bedreiging staan van ’n geweldige liberale mag, wat aktief organiseer om die gesag van die Skrif te ondermyn, die Belydenis te verwerp en die Gereformeerde beginsels te ondergrawe.

Hierdie publikasies (wat aanvanklik gratis aan alle gemeentes gestuur is) het ’n bloedspoor van verwoesting in die kerkverband agtergelaat. Naïewe lidmate is geïndoktrineer om te glo dat die GKSA in die greep van en op die dwaalweg van die liberalisme is. Splintergroepe het orals ontstaan, opruiende byeenkomste is gehou om hierdie bedreiginge te bespreek, biblisistiese predikante het oor die hele land gereis om lidmate in ander gemeentes te besoek, toe te spreek, te mobiliseer en te adviseer, en in sommige gevalle het splinterkerke ontstaan, wat

hulle dan nie meer “tuis voel” in die klassisse waar hulle hoort nie, maar hulle (in stryd met Art 41 KO) gaan voeg by die klassis van daardie biblisistiese broeders.

’n Voorbeeld: Die arme klein gemeentetjie van Hentiesbaai (wat my so na aan die hart lê) het ook onder hierdie aanslag geskeur. Veertig aan die een kant en twintig aan die ander kant. Tragies dat mense wat mekaar ’n leeftyd geken het, en voor wie ek grootgeword het, nou op straat mekaar nie meer gegroet het nie, asof hulle aartsvyande is. Vergeefs soek jy na ’n rede. Die GK Hentiesbaai het geen vrou in enige amp nie, sing geen van die nuwe liedere of enige nuwe omdigtings nie en het geen besluit geneem wat enigsins as “liberaal” geïnterpreteer kan word nie. Nogtans skeur die kerk en word ’n nuwe kerk gestig (wat met groot triomf in Die Kerkblad aangekondig word as ’n genadedaad van God [ek wou naar word toe ek dit lees!]). “Maar lees jy dan nie Die Kerkpad nie”, sê een van die “afstigters”, toe ek hom om ’n rede vra. Maar ja, ’n ander dominee het 1200km gery om vir hom te kom waarsku en te “adviseer” oor wat besig is om te gebeur. Vir my opmerklik dat baie van die aanstigters van soveel kwaad vandag nie meer as predikante dien nie. Maar die skade is gedoen!

Die Biblisiste het in daardie dae ook die lafhartige strategie aangewend om “*en masse*” “andersdenkende” predikante, professore en gemeentes deur klag- en beswaarskrifte lam te lê of tot swye te probeer bring. Die plan was om kerkraadstafels te oorlaai met tydrowende prosedures en vergaderings en appèlle en verdere besware. In een geval het my kerkraad ’n hooggeletterde en swaarbewoorde klag van ’n matriekseun teen my ontvang. Ongelukkig het hy sy dominee se faksmasjien gebruik om die klag te stuur. In ‘n ander geval, toe ek ’n

beroep aanvaar het, is daar by my nuwe gemeente uit ’n gemeente vêr in die Noorde (wat my glad nie ken nie) beswaar gemaak teen die skoon attestaat wat ek ontvang het. ’n Kollega het in die dae wat my vrou vir kanker behandel is, aktief georganiseer om my ten alle koste uit die bediening te kry. Hy het sy posisie as konsulent misbruik om ’n noodvergadering met ons kerkraad te belê. Die kerkraad het hom egter deurgesien en weggewys. Nooit het die broeder oorweeg om vir my of my vrou te kom bid of ons te ondersteun nie. Eerder wou hy my standpunt (oor vrouediakens) ten alle koste smoor deur my uit die bediening te werk (en ons sonder mediese sorg te laat).

Die Biblisisme, Vriende, - ek het dit beleef - is dus nie ’n onskuldige teoretiese benadering tot die Skrif wat maar verdra kan word nie. Die Biblisisme is ’n verwoestende (en arrogante) leefstyl wat (met ’n sweem van danige vroomheid en regsinnigheid) deur die duiwel ingespan word om kerke te verwoes. In die GKSA werk die Biblisiste onbeskaamd met toenemende aggressie. Hulle het openlik in die sosiale media verklaar dat hulle lidmate (wat nie met hulle siening wil saamgaan nie) uit die kerk wil verdryf, en hulle doen op allerhande maniere presies net dit – gewetenloos en skynbaar onstuitbaar.

Die optimistiese en opwindende teologie van vertroue (hoe is jy in jou unieke situasie besig om nuwe gestalte te gee aan Gereformeerdheid) wat voor 1988 ons kerkverband gekenmerk het, is deur die Biblisisme vervang met ’n teologie van suspisie en wantrou (waar is jy besig om te dwaal). ’n Donker wolk van pessimisme het oor die kerk gedaal. Die kerk het (veral na elke Sinode) slegte pers gekry en het ook ’n al hoe slegter naam gekry. Briewe in die koerante en sosiale

kommentaar wys dat die GKSA vir baie mense ’n “irrelevante” kerk geword het wat hom met “irrelevante” sake besig hou en wat mense (veral jongmense) wegdryf.

Die veertjie in die kroon van die Biblisiste was seker toe hulle in 2015 daarin kon slaag om die geslag van die ampsdraer tot wesenlike saak te verklaar. Hierdeur het hulle die GKSA op die pad van die sektewese gelei (wat ook nie-wesenlike sake tot wesenlike sake verhef). Die getal X en Y-chromosome van die ampsdraer word nou in die GKSA op dieselfde vlak hanteer as die maagdelike geboorte van Jesus en die Hemelvaart. Jy moet dit glo of jy gaan verlore. As die Biblisiste hulle sin kry, sal ons seker voortaan elke Sondag 13 Artikels bely.

Al hierdie dinge het natuurlik invloed op ons kerk se getalle gehad. Daar is baie ander faktore wat ’n rol speel in dalende kerklike getalle (sekularisasie, demografiese verskuiwing, politieke ontwikkelings, emigrasie) maar in die GKSA kan die vernietigende effek van Biblisisme op die kerk sedert 1988 nie ontken word nie. ’n Groeiende en dinamiese kerk is omgekeer en verander in ’n krimpende en sterwende kerk. Onderstaande grafiek wys dat, as huidige tendense voortduur, daar in 2060 geen GKSA meer sal wees nie. (Die effense groei in 2009 is toe te skryf aan die opname van lidmate van die voormalige swart sinodes.) Die gevaar dat die kerkverband vroeër kan inplof, is wesenlik. ’n Topswaar struktuur word deur ’n al dunnerwordende stammetjie gedra. Reeds is daar aanduidings (bv. by die pas afgelope EVT vergadering) dat die kerkverband nie meer sy verpligtinge kan nakom nie.



Vriende, Wat in ons kerkverband gebeur het, is ’n hartseer skande. Al is ek die enigste een, kan ek nie stilbly oor die skade wat die afgelope 30 jaar in ons kerk aangerig is nie.

3. Die hede

My verstaan van die hede word grootliks bepaal deur die insigte van die bekende wetenskapfilosoof Thomas Kuhn (1922-1996). Kuhn het bevind dat alle (paradigma) veranderinge basies deur drie fases gaan:



Aanvanklik is daar ’n voor-wetenskaplike of naïewe fase waarin dinge gedoen word soos hulle nog altyd (normaal) gedoen is en waar die fokus op produksie is.

Vroeër of later kom daar dan egter altyd teenstrydighede – dinge wat gebeur, feite, nuwe inligting, metodes – wat wys dat die ou manier van doen nie meer so goed of effektief werk nie. Daar breek dan ’n tyd of fase aan waarin daar gesoek word na ’n nuwe paradigma of model wat die teenstrydighede of nuwe uitdagings beter die hoof kan bied. Die fokus in hierdie fase is op die insameling van inligting en die formulering van nuwe standpunte of paradigmas.

Daarna volg egter ’n derde fase, wat as die revolusionêre of politieke fase bekend staan. In hierdie fase is die verskillende standpunte of paradigmas reeds geformuleer en moet nou bepaal word watter standpunt of paradigma sal geld. In hierdie fase gaan dit oor mag en invloed.

Kuhn se insigte is waar vir alle paradigma-skuiwe, of dit nou in die sakewêreld, die samelewing of die kerk is. Ook in die GKSA kan die drie fases wat hy identifiseer duidelik onderskei word.

In die eerste 100 jaar van die GKSA se bestaan kan die “voor-wetenskaplike” of naïewe benadering tot die Skrif die botoon gevoer. Daar was ’n naïewe (Scottish) realisme oor die betekenis van die Bybel. Jy lees dit soos dit daar staan, en die betekenis is bykans altyd klaar en duidelik. Die GKSA het onder invloed van hierdie hermeneutiek gedy en gegroei.

Reeds met die eeufees in 1959 het verskeie sprekers egter daarop gewys dat daar nuwe uitdagings voorlê en dat die kerk nie op sy louere kan rus nie. In ’n kosbare werk, genaamd *Wending*, bespreek Willem de Klerk in 1964 hierdie nuwe tydperk wat vir die kerk voorlê. Sonder dat hy die woord gebruik, beskryf hy eintlik merkwaardig akkuraat dit wat ons vandag die Post-Modernisme noem. Om effektief in hierdie nuwe tyd kerk te kan wees, betoog hy, verg ’n nuwe benadering tot al die dissiplines. Hy maak insiggewende voorstelle en meen onder andere dat daar ook nuut gekyk moet word na die verskillende tekste oor die vrou in die Bybel, omdat die nuwe tyd ook nuwe uitdagings stel aan die vrou se plek en rol in kerk en samelewing.

Gaandeweg het die debatte oor hermeneutiek (die benadering van die Skrif) en die plek van die vrou binne en buite die kerkverband ontwikkel. In 1980 byvoorbeeld, verskyn die belangrike artikel van Coetzee, De Klerk en Floor, *Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke*, waarin elemente van die Gereformeerde Hermeneutiek op ’n wetenskaplike wyse omskryf word.

In die praktyk was daar ontwikkelinge in sake soos die dra van ‘n hoofbedekking, die dra van langbroeke, publieke stemreg vir die vrou, die werkende vrou in die samelewing en vroue-emansipasie, wat toenemend getoon het dat die ou “normale” naïewe paradigma hersien moet word. Daar moet duideliker genuanseer en nuut gedink word oor die plek van die vrou in die kerk en samelewing. So het die saak van “Die Plek van die vrou in die Kerk” – dan ook op die Sinode se agenda gekom.

Die tydperk 1988 tot 2009 kan as die tweede fase van Kuhn se model beskou word. Die toenemende anomalieë in die verstaan van die plek van die vrou in die kerk, ’n groeiende aantal beswaarskrifte in die verband en uitvoerige studierapporte wat voor die sinodes dien, wys dat die kerk in hierdie tyd besig is om inligting in te samel om ’n nuwe, duideliker paradigma te formuleer. Daar was kongresse, studiegroepe, GTV-byeenkomste en publikasies oor hierdie saak. Dit het alles uitgeloop op die aan u bekende situasie, toe daar in 2009 twee rapporte oor die vrou in die kerk voor die sinode gedien het.

Al twee hierdie rapporte is beoordeel as suiwer en Gereformeerde eksegese, maar in die sintese of hermeneuse gaan die paaie uiteen. Die een het aanbeveel dat vroue as ouderlinge en predikante kan dien, terwyl die ander een dit afwys. Terwyl daar ’n gesekondeerde voorstel op die tafel was, dat die saak dan aan die vryheid van die kerke oorgelaat behoort te word, is daar toe egter (onder aanstigting van “adviseurs”) die (myns insiens rampspoedige) besluit geneem om tussen die twee rapporte te stem.

Deur hierdie optrede is die derde fase wat Kuhn identifiseer, geaktiveer – die revolusionêre fase. Van nou af sou dit in die GKSA gaan om mag en politiek. Geen eksegese of argumente, hoe oortuigend dan ook, is eintlik meer ter sake nie. Niemand luister meer dáárna nie. Die sinode stem “op die lyne”. Dit gaan uiteindelik oor hoe om die meerderheidstem (dat vroue nie as ouderlinge en predikante mag dien nie) ten alle koste te behou en uit te brei.

Die GKSA is dus tans in die greep van die politieke fase van verandering. Almal moet dit goed verstaan. Die Kerkorde is die magsinstrument en die kerklike vergaderings is die plek van magsuitoefening. Ons moet nie dink dat die kerkpolitiek in hierdie verband minder aggressief of smerig is as die wêreldse politiek nie. Op omvattende wyse word daar gewetenloos beplan om die kerk "van andersdenkendes te suiwer". Daar is baie voorbeelde van kerkpolitiek in die GKSA wat ek kan noem. Sonder om hulle te bespreek, verwys ek net na 'n paar:

Dit lei alles na ’n baie “smartlike” situasie in die GKSA as kerkverband. In die belewing van kerkverband is daar allerweë verdeeldheid, ontnugtering en selfs verbittering. In so ’n situasie van gebrek aan eenheid kan nie verwag word dat enige “omkeerstrategie” met sukses deurgevoer kan word nie.

So, wat staan ons dan te doen?

4. Die toekoms

As ’n mens mooi daaroor nadink is daar wat die toekoms van die GKSA as kerkverband betref, eintlik net vier opsies:

- Doen niks nie
- Terug na die Sinode
- Begin iets nuut
- Volg ’n middeweg

Ek bespreek kortliks elkeen van die vier

4.1 Doen niks nie

Ek glo dis wat die standpunt van die meeste lidmate en van my kollegas tans is. Ek noem dit die Hiskia-sindroom. U sal weet hoe Hiskia dodelik siek geword het en gebid het en toe vyftien jaar langer kon leef. In die vyftien jaar het hy egter hoogmoedig geword. Hierop het die Here ’n straf aangekondig wat egter eers na Hiskia se dood in werking sou tree. Toe het Hiskia gesê: “Solank daar net in my tyd

vrede is" (Jes 39:8). So praat baie lidmate en dominees vandag: "Solank daar net in my tyd en in my gemeente vrede is. Solank ek net my pensioen kry."

Die saak van die vrou is ou nuus. Vir die meeste lidmate is die onderwerp nie meer relevant nie. Vroue dien in alle opsigte en in alle posisies as gelykes in die samelewing. Die Skrif verbied dit nie. Baie gemeentes oorleef finansieel juis deur die inset wat vroue hierdeur gee. Die kerk behoort "by te kom", sê hulle. Min mense is egter bereid om in 'n politieke stryd hieroor betrokke te raak. Vir wat?

Ondertussen gaan die Biblisisme egter ongehinderd voort met die saai van verdeeldheid en haat. Die eens pragtige, dinamiese en aktuele GKSA is 'n politieke slagveld en word al hoe meer afgebreek tot 'n irrelevante, gepolariseerde en sterwende kerk. In 'n sekere sin is hierdie droewige uitkoms vanselfsprekend. Geen kerk wat teen sy eie vroue diskrimineer, sal in die postmoderne wêreld waarin ons lewe 'n effektiewe getuie van die evangelie van Jesus Christus kan wees nie.

Om niks te doen nie, is dalk nie so 'n slegte antwoord op die Biblisisme nie. Die geskiedenis (kerke in Nederland) leer dat die Biblisisme homself vernietig. Die oordrewe drang vir regsinnigheid en selfgelding verskeur uiteindelik die Biblisiste in tientalle ekstremistiese groepe haarklowers wat voortdurend met mekaar rusie het oor skei en hertrou, oor die sprekende slang, oor die veronderstelde wedergeboorte en wat ook al. Moet ons dan eerder veertig jaar in die woestyn van diskriminasie wag tot ons die beloofde land van geslaglose dienswerk in Jesus se kerk kan bereik?

Ek het geen twyfel dat die Biblisisme uiteindelik sal val nie. Hulle het misluk in die beker/kelkie-debat. Hulle het misluk in die debat oor die kerklike lied en hulle sal ook uiteindelik misluk in die stryd om vroue uit die ampte te weer. Die realiteit van die praktyk sal uiteindelik alle besluite en rapporte agterhaal.

Drie redes weerhou my egter daarvan om niks te doen nie. Eerstens het die kerkverband, statisties gesproke, nie veertig jaar om te wag nie. As huidige tendense voortduur, is daar oor veertig jaar, so te sê, geen GKSA meer nie.

Tweedens (verstommend en ontstellend) is daar in die GKSA ’n nuwe geslag jong teoloë wat nóg méér Biblisisties as hulle voorgangers is. (Waarom ons sulke “gatvaste” dominees produseer en nie méér progressiewe leiers en herders wat die uitdagings van die huidige tyd optimistiese benader nie, is ’n raaisel. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die opleiding wat hulle ontvang of sosio-politiese *angst*.)

Derdens is dit vir my persoonlik net te afskuwelik dat diskriminasie teen vroue in my kerkverband voortgesit word in die Naam van my God. Ek kan nie stilsit en niks doen as die gawes van die Heilige Gees misken, die dienswerk in God se koninkryk benadeel en geroepe vroue se lewens en gewetens ernstig ontwrig word nie.

4.2 Terug na die Sinode

Vir almal wat dit wil doen – STERKTE! Met ’n beswaarskrif terug na daardie Sinode toe, terwyl die kerk in ’n politieke fase van verandering is? Niemand daar luister meer na eksegese en argumente nie. Dis een en al kerkpolitiek. Dit gaan om mag. Van die bepaling van die afvaardiging tot die keuse van die moderamen tot die benoeming van kommissies tot die besluite en die notulering daarvan – dit gaan alles net om mag. Ek het dit van 2009 af beleef. Al die harde werk en eksegese en argumente – hoopvol en keurig uiteengesit – is pêrels voor die swyne. Ons het ’n sinode wat ten alle koste (met mag en geweld) vroue uit die amp wil weer.

Terug Sinode toe? Het jy behoefte aan nog “breindooie” en geprejudiseerde antwoorde? Ek noem net twee voorbeelde:

Van Krugersdorp se kant af het ons in 2012 ‘n beswaar ingedien waarin ons sê dat indien die opdragte in 1 Timoteus 2:12 dan letterlik verstaan moet word, dan mag vroue “nie leer <u>of</u> regeer” nie. Al twee aktiwiteite word deur die Griekse konstruksie selfstandig en naas mekaar verbied. Die GKSA standpunt dat vroue wel mag regeer (diakens mag wees) maar nie mag regeer deur te leer (ouderlinge te wees) nie, gaan dus in teen die konvensie van die Griekse taal en kan nie gehandhaaf word nie! Die sinode antwoord ons deur te sê dat dit nie beteken dat “leer” en “regeer” niks met mekaar te doen het nie, en noem dan die voorbeeld van “inbreek” en “steel”. ’n Mens kan steel deur in te breek, sê hulle.

Hierdie antwoord is totaal onsinnig. Ons beswaar by die Sinode van 2012 dat die Griekse konstruksie van 1 Timoteus 2:12 beide "leer" en "regeer" selfstandig en naas mekaar verbied (of hulle nou met mekaar te doen het, of nie), word gewoon gesystap. Dit, terwyl hierdie konstruksie in Grieks 1 behandel word en die sinodesaal vol dominees, en lektore, doktore en rektore sit – wat almal Grieks 3 of hoër gekwalifiseer is. Waarom swyg hulle? Ek glo - daar is van hulle wat swyg omdat hulle ten alle koste die vrou uit die besondere dienste wil weer.

En, wat maak 'n mens nou met so 'n antwoord? As die GKSA se standpunt (dat vroue wel mag regeer, maar nie mag regeer deur te leer nie) van toepassing gemaak word op die antwoord en voorbeeld van "inbreek" en "steel" wat deur die Sinode verskaf is, dan kom ons by die belaglike situasie dat ons vir mense moet sê: "Jy mag steel, maar jy mag nie steel deur in te breek nie." Dis 'n breindooie antwoord!

Verder het ons ook in 2012 beswaar gemaak dat die Sinode in 2009 bepaalde en belangrike sosio-historiese inligting buite rekening gelaat het. Ons het verskeie voorbeelde genoem. Sinode 2016 het kort geantwoord dat die sake wat ons noem nie heilshistories van aard is nie. Kan jy nou meer! Dit weet ons mos! Is ons beswaar nie juis dat dit sosio-historiese inligting is wat buite rekening gelaat is nie? Nog 'n breindooie antwoord - en polities geprejudiseer!

Gaan jy terug na só 'n sinode toe – om nog meer sulke antwoorde te kry? Nee dankie, liewe Vriende. Solank die sinodesaal 'n tempel vir die Biblisiste is, moet goeie Christene daar wegbly. Dit is vir my 'n teleurstelling dat ek dit moet sê,

maar ek het my vertroue in die integriteit van die meerderheid sinodegangers verloor en sal dit moeilik terugvind. Al manier hoe jy in die huidige tyd by ’n GKSA Sinode sal slaag, is deur self te begin organiseer en kerkpolitiek te bedryf! Sien ek daarvoor kans? Is dit my roeping? Allermins! Die Skrif sê eerder: “Moenie jou teen ’n kwaadwillige mens verset nie”.

Nogtans, sal iemand sê, terug sinode toe is die enigste weg. Dit is die kerkwetlike weg! Goed. Sê maar jy gaan, en ’n wonder gebeur, en jy kry ’n sinode wat luister en oortuig kan word dat sy waansinnige besluit oor die geslag van die ampsdraer as wesenlike saak, verkeerd is, en wat dan besluit dit is nie meer ’n wesenlike saak nie. Wat dan? Reeds by Sinode 2009 was daar afgevaardigdes wat mandaat van hulle gemeentes gehad het om uit die kerkverband te stap as vroue toegelaat word om ouderlinge en predikante te wees. Wat dink jy sal in 2018 gebeur as so ’n besluit geneem word – nadat standpunte al so verhard het en ons voluit in die politieke fase van verandering is? Red jy die kerkverband deur ’n beswaar by die sinode te laat slaag? Reeds het die splinterkerkies wat onder aanstigting van die gereformeerde Geel Pers ontstaan het, ons kerkverband verlaat om ’n ander tuiste te skep. Sal ’n geslaagde beswaarskrif die GKSA as kerkverband nie dalk vroeër by inplof-punt bring nie?

4.3 Begin iets nuut

Ja, hoe verlang ’n mens nie na ’n kerk wat in hartlike eensgesindheid, eietyds en relevant die uitdagings van ons tyd aanvaar en effektief met alles gawes tot sy beskikking die evangelie van Christus uitleef en verkondig nie. ’n Vrolike kerk,

sonder kerkpolitiek, gevul met ware onderlinge Christelike liefde! ’n Kerk vol vertroue en entoesiasme. Begin iets nuut! Maar, is daar 15 of 300 wat so sterk oor die saak voel? So ’n beweging moet deur die Gees en uit die mense kom. Ek sien dit nog nie gebeur nie.

En verder sê ek: Moet ons nou hierdie kosbare kerk, met sy mooi geskiedenis en sy suiwer Bybelse belydenis en goedomskrewe suiwere hermeneutiek prysgee en aan die Biblisiste oorlaat? En dit oor ’n saak wat in my oë ’n middelmatige saak is. Die kerk het immers vir 1500 jaar sonder vroue-ouderlinge en predikante gefunksioneer. As die Here dit wil, sal dit seker so kan voortgaan. Hy sal self besluit hoe lyk ’n kerk wat diensbaar kan wees in sy koninkryk en of daar iets nuuts moet kom.

Ek ken ook uit ons familiegeskiedenis die effek van kerkskeuring op mense; op families en gesinne. Dit is nie te wense nie. ’n Hele geslag is deur kerkskeuring van mekaar en dikwels ook van die kerk vervreem. Die mense het in die tyd wat ons lewe die kerk juis baie nodig. ’n Verenigde kerk, ’n vrolike kerk! Mag God dit gee!

4.4 Volg ’n middeweg

Om ’n middeweg te volg, beteken nie jy is ’n draadsitter nie. Partykeer moet ’n mens wag dat dinge duideliker word. Daar is op hierdie stadium ’n hele klomp dinge wat onseker is en ook dinge wat ons nie kan doen of bereik nie. Maar daar is ook baie dinge wat ons wel kan doen en wat ons wel kan bereik. En daarop glo ek – moet ons fokus.

Eerstens belangrik: Raak realisties. Sien die situasie onder oë soos dit is. Aanvaar die hartseer realiteit van ’n kerkverband wat homself deur sy besluite skaad en wat gevaarlik naby “tipping point” beweeg. Dit kan nie aangaan soos dit nou aangaan nie. Aanvaar dus die feit dat die toekoms van die GKSA onseker is. Dit is nou die tyd vir gebed en geestelike verdieping en ’n vra na God se wil vir die pad vorentoe.

Aanvaar ook die feit dat daar “swakkes in die geloof” in die GKSA is – mense wat nie die nuwe bedeling wat in Christus vir die vrou aangebreek het kan of wil insien nie. Romeine 14-15 leer dat jy nie met sulke mense moet stry of hulle in die geloof moet benadeel nie. Vir sommige van hulle sal die wêreld inderdaad ineenstort as vroue as ouderlinge dien, want hulle verbind hulle argumente aan die mite van ’n skeppingsorde wat sosiale rangorde en status bepaal. Maak jy vroue ouderlinge en predikante peuter jy volgens hulle aan die weefsel van die skepping. (Dieselfde dwase argumente is destyds in die debat oor die vrystelling van slawe geopper)

Tweedens: Vermy die kerkpolitici en hulle kerkpolitiek en hulle tempels. Verskans jou siel! Jou siel kan skade ly in die kerkpolitiek van die dag. Ek weet dat van my kollegas tot ses maande na ’n sinode nog moeite het met neerslagtigheid en gebrek aan roepingsbesef en dat hulle uitsigloos leef. Moenie dit toelaat nie! Leef en werk optimisties, eietyds en Geesvervul! Behou ’n positiewe en optimistiese uitsig op die koninkryk van God en sy onstuitbare koms – selfs al misluk die GKSA as kerkverband. Dien die Here gewillig en met vreugde!

Derdens: Vestig sterk gemeentes wat onafhanklik van die GKSA kan funksioneer. As die kerkverband inplof is dit nie nodig dat gemeentes ook moet inplof nie. Watter bedeling of nuwe ontwikkeling die toekoms ook al sal bring – daar moet ’n gladde oorgang wees. Presies hoe ’n mens ’n sterk en onafhanklike gemeente opbou, is ’n onderwerp vir ’n ander geleentheid. Ek sou egter dink dat homogeniteit (’n eenheid van standpunt), die benutting van alle gawes (ook die van vroue) en ’n eietydse oop-staan met die evangelie na die wêreld belangrike boublokke kan wees. In die prediking en katkisasie sal jy ook meer koninkrykgerig en minder GKSA-gerig begin werk.

VIerdens: Ek glo dat as ons juis in hierdie tyd baie energiek en vasbeslote moet wees om daardie dinge te doen wat ons wel kan en moet doen. Ek lees nou die dag dat die reformatore meesal manne van tussen die 20 en 30 jaar was! Reformasie vra dus ’n jeugdige dryf en hoë energievlakke. In die komende tyd moet ons (in volgorde – en soos die tyd daarvoor ryp is) in hierdie goeie saak POMP:

- Publiseer
- Organiseer,
- Mobiliseer en
- Praktiseer!

Kom ons doen juis dit In die hoop en bede dat ons God ons weer ’n gesonde kerkverband sal gee.

(Baie dankie vir u tyd en aandag. Ek antwoord graag enige vrae)